1

2

3

4

5

6

7

8

9

10

11

12

13

14

15

1

2

3

4

5

6

1

2

3

4

5

6

7

HIV INFECTED PEOPLE

Sub-Sahara Africa	26.000.000
South - South East Asia	7.400.000
Latin America/Caribbean	2.100.000
Eastern Europe/Central Asia	1.600.000
Northern America	1.200.000

Globally 42.000.000 people infected

source Un aids 2005

1

2

3

4

5

6

witchcraft

7

Algemeen

Die spel is ontwerp om kinders te stimuleer om openlik te praat oor MIV/VIGS en seksualiteit. Ook om hulle te onderrig omtrent die risikos van seksualiteit, veral infekse met MIV.

Daar word op 'n vriendelike manier gepraat oor die risikos van onveilige seks, sodat makliker daaroor gepraat kan word.
Die spel is ook ontwerp om inligting te gee omtrent MIV infeksie, VIGS, en om stigma teen VIGS-leiers teen te werk.

Laat kinders die spel volgens die instruksies speel, voor enige bespreking.

Instruksies: Hoe om LOVE.check te speel (2-8 spelers).

- Stel iemand aan om na die spel op te ruim en die spel in die boks terug te pak.
- Skommel kaarte en plaas onderstebo in twee gelyke rye.
- Kies wie begin. Hy of sy moet 2 kaarte kies en omdraai.
- Is die 2 prente dieselfde? Hou die 2, kies 2 ander en draai hulle om.
- Is die 2 prente verskillend? Daai die kaarte onderstebo en plaas terug op hulle oorspronklike plekke.
- Nou is dit die volgende speler se beurt om 2 kaarte op te tel.
- Wanneer al die kaarte afgepaar is, is die spel verby.
- Die speler met die meeste kaarte is die wenner.

Spel verby?
Dis wat jy dink.

Aandag volwassenes en onderwysers:

Na afloop van die spel, moet die spelers gehelp word om die vier verhale te vind wat deur die kaarte vertel word.

1. Die eerste verhaal gaan oor MIV en VIGS in die familie – geel
2. Die tweede verhaal gaan oor seuns en meisies wat verlief raak, en die risikos van seks – rooi.
3. Die derde verhaal gaan oor 'n meisie wat bedreig word, byvoorbeeld deur verkragting of swangerskap – groen
4. Die vierde verhaal gaan oor mites en risikos – blou

Kyk na die prente en bespreek die verhale met die spelers.
Wat sien hulle? Wat weet hulle?
Die prente verskaf inligting oor de voorkoming van MIV infeksie. Die prente help kinders om oor hulle eie ondervindings te praat, sowel as die van mense wat hulle ken met VIGS, en oor hulle vrese.

Gesprekke oor MIV/VIGS bring soms moeilike onderwerpe na vore. Almal leer sekere gelowe en gewoontes aangaande seksualiteit by hulle families, kulture en godsdienste. Almal word vroeer of later gekonfronteer deur vrae omtrent seksualiteit.

Laat die kinders praat oor hulle fantasiee en ondervindings. Sou hulle optree soos die mense in die prente?
Moedig hulle aan om eerlik te wees oor moeilike onderwerpe. Gebruik die beskrywing hieronder.

Onthou: jou instruksies is van belang vir die kinders.
Beide seuns en eisies moet onveilige seks voorkom om hulleself te beskerm.
Beide seuns en meisie moet leer om NEE te se wanneer hulle nie lus is vir seks nie.

Hoe om MIV/VIGS op te tel?

Jy kan besmet word deur MIV positiewe bloed of sperms – meeste as gevolg van onveilige seksuele kontak.
Die MIV virus kan ook deur 'n positiewe swanger vrou aan haar kind oorgedra word, of deur borsvoeding.

90% van mense met MIV het dit gekry deur onbeskermde seks.

Wat is MIV?
Dit is de naam van die virus wat VIGS veroorsaak. Na besmetting, dring die virus jou liggaam binne en verwoes jou imuunstelsel. So ‘n persoon is MIV positief.
Mens voel nie noodwendig siek nie, en het nog nie VIGS nie.

Daar is medikasie wat MIV positiewe mense help om ‘n normale lewe te lei.
Dit moet elke dag, lewenslank, op dieselfde tyd geneem word. Daar is nog geen geneesmiddel nie.

Kan mens sien wie besmet is?
Nee. ‘n Positiewe persoon mag gesond voorkom. Slegs ‘n bloedtoets dui aan of mens MIV positief is of nie.

Wat moet mens doen as mens onseker is?
Gaan na ‘n kliniek, en kry berading en ‘n MIV toets.

Hoe kan mens besmetting voorkom?
Moet nooit onveilige seks beoefen nie.
Daar is kondome vir mans en vrouens. Neem voorbehoedmiddels om swangerskap te voorkom.
Dit mag moeilik wees om op kondoomgebruik aan te dring, maar onthou dat jou en jou maat se gesondheid daarvan afhang.
Stel jou eerste seksuele ondervinding uit, of bly getrou aan ‘n maat wat negatief is.

Deel die verantwwordelikheid vir ‘n gelukkige toekoms -
pas op vir jouself en jou maat!

Vermy dwelms, alcohol of situasies vol risiko.

Soek ondersteuning:
Sluit aan by ‘n ondersteuningsgroep.

Jy kan nie MIV optel deur die volgende nie:
Hande skud, soen, ‘n toilet, kantoor of swembad te deel, dieselfde klere te dra, dieselfde eetgerei te gebruik, muskiet byte, sweet, trane of urine.

LOVE.check/southern Africa is financed by ICCO, private gifts and WEB.foundation.

© WEB.foundation, 2006
info@lovecheck.org
www.lovecheck.org

‘n Kort beskrywing van die prentjies en stories wat in die kaartspel uitgebeeld word

1 Die vader is in die kliniek en word meegedeel dat hy MIV positief is.
2 Die vader vertel sy vrou van sy siekte.
3 Die moeder gaan na die kliniek om vir MIV getoets te word.
4 Die moeder vertel haar familie dat sy ook MIV positief is. Sy voel bedroef.
5 Die vader teken sy testament sodat sy vrou en kinders sy besittings gaan erf wanneer hy sterf.
6 Die familie werk in die tuin. Dit is belangrik dat vriende en familie iemand versorg wat MIV positief is. Probeer bymekaar bly.
7 Die gesin eet saam. Hoewel die moeder MIV positief is, is dit veilig om dieselfde bord of lepel aan te raak.
8 Die ma se vriendin versorg haar, en gee vir haar vars vrugte. Gesonde kos bou weerstand op.
9 Die ma se vriende besoek haar en bid met haar.
Versorg altyd mense met VIGS.
10 Mense met VIGS kan antiretrovirale medikasie neem: daagliks op dieselfde tyd vir die res van hulle lewens.
Met goeie behandeling het mens ‘n toekoms.
Ons kan VIGS behandel, maar nie genees nie.
11 Ondersteuning en tradisionele kruie kan ‘n pasient beter laat voel. Die dokter moet besluit of medikasie en kruie saam gebruik kan word.
12 Die ma en haar kinders sit langs mekaar, hoewel sy VIGS het. Mens kan nie VIGS optel deur aanraking nie.
13 Die ma word in die hospital deur haar familie en vriende getroos. Sy wil sterf.
14 Die ma het gesterf. VIGS kan nie genees word nie. Dit help om jou verlies met ander in ‘n ondersteuningsgroep te deel.
15 Probeer om skool toe te gaan en soveel moontlik te leer. Jy het nog ‘n toekoms.

1 Wanneer jong mense dwelms en alkohol gebruik, dink hulle nie aan veilige seks nie. Wees waaksaam.
2 Seuns praat oor kondome. Jy is mede-verantwoordelik.
3 ‘n Seun en meisie is op mekaar verlief.
4 Die seun vra die meisie om met hom te slaap, maar sy weier. Hulle besluit saam om te wag tot later.
5 ‘n Ander seun probeer die meisie oorreed om met hom te slaap, maar sy besluit om getrou te bly aan haar vriend.
Veilige seks of getrouheid aan een persoon is maniere om VIGS te vermy.
6 Hulle wil met mekaar slaap, maar besluit om ‘n kondoom te gebruik.
Wees verantwoordelik en gee vir mekaar om. Bly veilig.

1 ‘n Ouer seun probeer die meisie dwing om met hom te slaap, maar sy weier en bied weerstand.
Vermy situasies waar seksuele misbruik plaas kan vind. Moenie skuldig voel nie.
2 Haar ma help haar, en troos haar. Sy is kwaad vir die seun.
3 Die ma en dogter gaan na die polisie om ‘n klag teen die seun te le.
4 Die ma en dogter praat met mekaar oor die voorval.
5 ‘n Onderwyser wil vir ‘n meisie goeie punte gee in ruil vir seks. Sy is sterk en weier. ‘n Man kan vir ‘n vrou kos en dank koop, maar het nie die reg op haar liggaam nie.
6 Vanwee onbeskermde seks word jong meisies swanger, en kan nie meer skool toe gaan nie.
7 Dit is belangrik om met vriende of ander mense oor jou ondervindings te praat. Jy kan ook ‘Childline’ bel.
Hulle sal na jou luister en probeer help.

1 Die MIV virus is oral in die wereld aktief. Jy moet jouself oral daarteen beskerm.
2 Mens kan dit nie optel deur te soen nie.
3 Mens kan dit nie optel deur dieselfde glas, bord of lepel as iemand met VIGS te gebruik nie.
4 Mens kan dit nie optel deur iemand met VIGS se hand te skud nie.
5 Mens kan dit nie deur insekte optel nie.
6 Mens kan dit nie van ‘n toilet sitplek optel nie.
7 Mens an dit nie optel of genees word deur toordery nie.

LOVE.check / southern Africa
Team: Adriaan Backer, Erna Beumers, Christien Broecheler, Marleen Engbersen, Lincie Kusters, Gemma Pagano, Karin van Paassen, Caroline Schaap, Daniëlle Schaffelaars
Design: Daniëlle Schaffelaars
Photography: Adriaan Backer
English Translation: Robert Rouveroy csc, Rosalie Steinmann
Translation African languages: SACBC AIDS Office Staff
Printing: Fishwicks Printers
Special thanks to the people in the photos. They are actors, members of the drama group Teleios Korban Organization in Ekangala (S.A.) Coordinator of this group; Martin Durujis: durijis@yahoo.com

Organisation: © WEB.foundation, 2006
info@lovecheck.org – www.lovecheck.org

Concept & design pilotgame Zambia: Tina Lenz, WEB.foundation